



# Hoofstuk van die dag: Esegiël 24

> *Mens, Ek gaan jou vrou wat jou soveel vreugde gee, van jou af wegvat deur ’n skielike dood. Jy mag nie treur en huil nie, nie ’n traan stort nie. (Eseg 24:17)*

Waarskynlik is Esegiël se vrou dood van natuurlike oorsake, en

nie omdat God haar lewe geneem het nie. God gebruik hierdie verskriklike hartseer in Esegiël se lewe as metafoor vir die vernietiging van die tempel en Jerusalem wat op hande is. Enersyds toon Hy daarmee die verslaentheid van die ballinge oor dié verskriklike verlies, maar wys Hy ons ook iets van sy eie stukkende hart oor sy volk wat Hom so diep teleurgestel het.
Ons het in die Kweekskool geleer dat jy nie, wanneer jy oor iets preek wat verkeerd is, sommer dadelik oor genade ook moet praat nie, want dan sink die erns van die verkeerde nie regtig in nie. Dit is wat God ook hier doen. Hier praat Hy keer op keer oor wat verkeerd is. Later (o.a. Eseg 37) sal Hy wel deur sy profeet weer ’n boodskap van hoop bring, maar nou is nie die tyd nie. Nou moet hulle goed begryp dat Hy bedoel het wat Hy in die Tien Gebooie gesê het: Hy is ’n jaloerse God (Eks 20:5).

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼


- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026